



# Pitte se Tuinhoekie

deur Herman du Plessis

## Bome, bye en skoelappers

---

### Desember 2014

Ons – dis nou ek en Pitte – loop nou anderdag deur sy tuin toe ek ‘n skoelapper op ‘n blom sien sit. “Weet jy,” sê ek vir Pitte, “toe ons kinders was, was skoelappers so algemeen en volop soos mieliepap en melk soggens met ontbyt. Vandat ons wind begin eet het vir ontbyt, het skoelappers ook verdwyn. Af en toe sal mens ‘n verdwaalde een kry soos hierdie een wat op die blom sit. Laat my nou dink aan my ouma. Sy het altyd gesê ‘n skoelapper is ‘n blom wat vlerke gekry het.” “Ja”, sê Pitte, “Tert sê mos die rede hoekom alles in die wêreld so deurmekaar is, is omdat ons ons toiletbesigheid in die huis doen en buite eet. Dit lyk my dis dieselfde met die skoelappers ook.” “Ja,” sug ek, “Ek onthou van die Vieruurtjebos wat agter in ons erf gestaan het, en die Wilde Lantana by ons hek. Daardie twee bosse het behoorlik gewemel van skoelappers. Grotes en kleintjies. Jaaaaa,niks is meer dieselfde nie. En dit lyk my olifante en renosters is ook besig om dieselfde paadjie te loop.” “Mmmm,” sê Pitte terwyl hy met sy selfoon probeer om ‘n naby foto van die skoelapper te neem, “ongelukkig kan ons nie tuinmaak om olifante en renosters te beskerm nie, maar ons kan dit darem met die

skoelappers en bye doen.” “Nou vertel bietjie,” por ek hom aan.

“Nommer een,” begin Pitte en my kop skakel oor in *save mode*, “nommer een; doen weg met alle insekgif. Of dit nou ‘n kontak doder of ‘n sistemiese middel is, los dit. Dis die rede hoekom daar nie meer skoelappers is nie en hoekom heuningbye ook al bedreig word. Ek wil nog sien waarvan gaan ons en ons nageslag lewe as heuningbye en skoelappers van die aarde af verdwyn. Naas water en suurstof, is bye en skoelappers sekerlik van die dinge wat die mens die nodigste het om te oorleef, want daar is niks wat die bestuifingsfunksie so kan vervul soos ‘n heuningby of ‘n skoelapper nie, en niemand kan daardie funksie by hulle oorneem nie. Kan jy nou dink hoe gaan dit lyk, en hoe lank gaan dit neem as jy ‘n span van honderd mense in ‘n boord instuur om blomme te bestuif sodat ons drie-vier maande later appels of pere of wat ook al kan eet? Toe, ek vra jou!” raak Pitte sommer driftig. “Ek kan nie meer onthou wanneer laas ek gif in my tuin gebruik het nie en luister bietjie. Hoor jy die voëls? Kom ek wil jou iets wys”, en hy stap vooruit. Hy steek onder ‘n jong wildevy vas.

“Sien jy die Paradys vlieëvanger op haar nes?” en hy beduie na ‘n voëltjie op ‘n nessie skaars groter as ‘n vingerhoed. Die nessie is net hoër as kophoogte van die grond af. Die voëltjie hou ons met ‘n skewe koppie dop. “Dis omdat ek nie meer gif spuit nie dat hier meer goggas is. En omdat hier meer goggas is, het hierdie voëltjies hier ingetrek, want hier is genoeg kos om te oorleef en kleintjies groot te maak. En dis hoekom die Kwikstertjies op my stoep kom nesmaak en die Lysters en die Laksmanne en....en....” Pitte raak skoon uitasem so opgewerk raak hy. “Goed-goed,” val ek hom in die rede, “jy het nou gesê van die gif. Wat nog? Is daar iets wat mens kan plant om veral skoelappers terug te lok tuin toe?”

“Ja,” sê Pitte. “Kom ons begin by ‘n paar boomsoorte. Die Koraalboom (*Erythrina lystemon*) is ‘n baie goeie keuse. Nie net is hy suing met water nie, maar sy blomme maak ‘n ongelooflike vertoning na die Winter. Hy kan tot 8 meter hoog word in sy natuurlike habitat. Ongelukkig groei hy nie lekker in koue gebiede nie. Op die Hoëveld sal hy byvoorbeeld glad nie aard nie. Dis te koud. Die Wilde perske (*Kiggelaria africana*) is ook ‘n goeie keuse. Hierdie boom word baie groot – ongeveer 11meter x 13meter – en voëls, bye en skoelappers wemel gewoonlik tussen die takke. Hierdie boom is ook baie watervriendelik en semi-gehard. Die Notsung, ook genoem die boom Fucia, (*Halleria lucida*) dra sy blomme teenaan die stam en dié is tot oorlopens toe vol nectar. Behalwe vir skoelappers en bye, is hierdie boom ‘n paradys vir voëls soos Suikerbekkies, Glasogies, Houtkappers, Muisvoëls, Lysters en Jan Fiskale. Hierdie boom word so 5meter hoog. Die Drolpeer (*Dombeya rotundifolia*) is my persoonlike gunsteling. Dis nog amper Winter, dan bars hierdie boom uit in

roomwit blomme. Dis ‘n goeie boom om in ‘n klein tuin te plant, aangesien hy so 4meter hoog word. Sommige mense sal sê die boom mors ‘n bietjie met die baie blomme wat afval, maar dis niks wat ‘n besem nie mee kan klaarspeel nie. Die boom is ook baie watervriendelik.”

“‘n Goeie keuse om tussen klippe of op ‘n rotstuin te plant is die *Crassula perfoliata*. Dit kan ook in ‘n houer geplant word. Ander plante is die Sonbekkiebos (*Metarungia longistrobus*), Fynblaarrooihout – partymense noem dit ook die Mickey Mouse bos – (*Ochna serrulata*), die Wildepynappel (*Eucomis Comosa*, *Eucomis autumnalis* en die *Eucomis humilis*) wat ‘n baie sterk fokusplant is met sy treffende vorm en blomme. ‘n Wenner is al die Vuurpyle (*Kniphofia*) variëteite, Makhaya bella vir skadu kolle, *Freylinia tropica* (werk goed as ‘n heining), *Juncus effesus* (vir vol son tot ligte skaduwee naby fontein of klam kolle) en selfs die Varkoor wat hou van skaduwee en baie water.”

“ ‘n Goeie boek om te hê as jy inheems wil tuinmaak en ook wys watter plante skoelappers en voëls lok, is “**Skeppende Tuinmaak met inheemse plante. ‘n Suid Afrikaanse gids.**” Dis geskryf deur **Pitta Joffe.**

“Nee, maar baie dankie,” sê ek vir Pitte. “Ek dink ek ry sommer nou Jasmyn toe en gaan kyk of ek daardie boek kan kry. Jy het my nou baie nuuskierig.”

“Mooi,” sê Pitte, “ek is bly. Daar is sommer nog baie plek in jou tuin vir al hierdie plante. Geniet dit as die skoelappers weer terugkom en onthou; ‘n ruspe is net ‘n skoelapper wat nog nie vlerke gekry het nie. Maak ‘n ruspe dood, en jy maak die skoelapper daarmee saam dood.”